Seisoen van Menswaardigheid.

Prof Dirkie Smit het in 2016 'n 3 dae kursus oor Christelike menswaardigheid aangebied. Hierdie kursus is op YouTube beskikbaar en Excelsus ken 30 VBO-punte toe aan elke leraar wat hierdie video's op hulle eie tyd deurwerk en daarna 'n opsomming na Excelsus stuur.

Maak 'n opsomming soos jy dit gaan deel met jou leiers of Gemeente – ongeveer 2000-3000 woorde.

Jy kan dit

· bloot as 'n word doc opsomming van 3000 woorde gee, of

· as 'n preek met powerpoint, preekinhoud dan 2000 woorde en powerpoint slides (5-10)

Wanneer jy jou opsomming/preek na Excelsus stuur (excelsus@up.ac.za), word daar vir jou 'n VBO-kode gegenereer wat 30 punte bied.

Die video's word gevind by:
https://www.youtube.com/channel/UCZvk0z43FCjBmdi9S1EaiSQ

Die 'landing page' het die 'playlist' met die meditasies en prof Dirkie se sessies in volgorde. Op 'Video's verskyn al die video's op hulle eie.

Die inhoud en temas behels die volgende:

· Hoe hou die kragtige teologiese uiting dat God die mens in God se beeld geskep het (Gen. 1:26-27), verband met die talle stories van *ontmensliking* en *menseregte skending* waarvan ons in die Bybel lees?

· Wat sê teoloë deur die eeue oor Menswaardigheid as 'n sentrale teologiese konsep?

· Hoe hou 'n teologiese verstaan van Menswaardigheid verband met die gesprek oor Christelike Humanisme?

Hierdie kursus kan leraars help om 'n kultuur van menswaardigheid in die gemeentes te vestig.